Nelspruit

In die pragtige, vrugbare vallei aan die Krokodilrivier het die broers Nel 'n plaas gekry. En op daardie plaas was 'n spruit. Toe daar later op hul plaas 'n dorp gestig word, is dit Nelspruit genoem. Derhalwe het die broers, Andries, Gert en Louis, beroemd geword.

In die Anglo-Boereoorlog was Nelspruit vir 'n rukkie hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek – die Ou Transvaal met sy vierkleur-vlag. Toe pres. Paul Kruger in ballingskap gaan, is die goud van die ZAR se Muntstaan saam met hom om te keer dat dit in Britse hande beland. Die "Kruger-miljoene" is glo by Nelspruit afgelaai en die veld ingedra. Dit is nooit weer gesien nie. Dit bly steeds 'n misterie en 'n attraksie vir fortuinsoekers. Nelspruit was Kruger se laaste halt voordat hy via Mosambiek na Europa vertrek het.

Dit is die grootste dorp in die Laeveld, net langs die Kruger-wildtuin. In die omgewing is die pragtige, bergagtige Kaapsehoop, die Sudwala-grotte, die Blyderivierkloof, Bourkes Luck-moulgate en ander besienswaardighede.

Nelspruit is tans weer 'n hoofstad: van Mpumalanga.

Hoërskool Nelspruit

STIGTINGSDATUM: 1952
LEUSE: PALMAM QUI MERIT FERAT (LAAT HOM WAT DIT VERDIEN DIE PALMTAK DRA)
ADRES: CAMERONSTRAAT-VERLENGING, NELSPRUIT
WWW.HOERSKOOLNELSPRUIT.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Die Hoërskool Nelspruit is die grootste skool in die gebied en twee ander skole het uit hom gestam – Bergvlam en Laeveld. Die skool het 1200 leerlinge, van wie sowat die helfte seuns is. Daar is sowat 200 koshuisgangers.

Rugby op Nelspruit

Nelspruit is een van die vier Groot Skole in Mpumalanga en speel in die Super 16-kompetisie vir Groot Skole. Sy spanne (1ste vyftiental, o.16 en o.15) het telkens in die finaal gespeel. Die eerste span is gereeld in die Mpumalanga-finaal van die Beeld-trofee. Maar voor die Beeld-trofee was daar egter kompetisies om die Administrateursbeker en die Direkteur-strofee, waarin Nelspruit gereeld die silwerware opgeraap het. In vier van die laaste vyf jaar het Nelspruit se 1ste span in die Mpumalanga-finaal om die Beeld-trofee gespeel. In 1972 en 1975 was die skool deelwenners en het hulle die beker respektiewelik met Affies en Helpmekaar gedeel. (Daar is geen ekstra tyd in die finaal om 'n besliste wenner te bepaal nie.) In 1976 en 1989 was Nellies naaswenners toe hulle teen Hoër Volkskool Potchefstroom en Hoërskool Kemptonpark vasgeval het. In 1981, die laaste jaar dat die kompetisie as die Administrateursbeker bekend was, het Nelspruit naelskraaps in ekstra tyd verloor teen 'n sterk Affies-span. Maar hul aantreklike rugby – hulle het 6,8 drieë per wedstryd aangeteken – het Datsun genoop om vir die skool 'n bus te borg.

Die skool is gewild en word dikwels na feeste uitgenooi. In 2002 is Nellies as Mpumalanga se Rugbyskool van die Jaar aangewys. Die skool het 28 senior provinsiale spelers opgelewer en 'n massiewe 142 Cravenweekspelers.

In 2003 het ses spelers die Cravenweekspan van Mpumalanga gehaal. Die span van 2007 het ook uitgeblink, met sewe spelers in die Cravenweekspan. Die hoogtepunt in hierdie seisoen was beslis die 26-25 oorwinning oor die kragtige Waterkloof in Pretoria. Die wedstryd was sowel 'n Classic Clash as 'n Super 16-wedstryd en het die wenner na nommer agt op ranglys gestoot.

Marnitz Boshoff is in 2007 op losskakel vir SA Skole gekies, en is tans saam met sy broer Ruan, wat vir die SA Akademiespan gespeel het, deur die Bulls gekontrakteer. Nog spelers het vir SA Skole gespeel – Leon Nel (1982), Michael de Bruin (2001), Wiam Arlow (2002), wat in die SA o.19-span was wat die Wêreldkampioenskapstoernooi in Frankryk gewen het, en Mashele Ntokozo (2006).

Nelspruit het twee Springbokke opgelewer – die slot Nico Wegner en die losvoorspeler Schutte Becker. Louis Holtzhausen het vir SA Platteland gespeel, Le Roux de Beer vir SA Universiteite en Derrick Badenhorst vir SA o.21.

Die Nellies het sterk teenstand in Mpumalanga – HTS Middelburg se Rooi Bulle, die Erries van Ermelo en Rob Ferreira. Maar hulle speel ook teen sterker, stedelike spanne – onder meer Affies en Klofies in Pretoria.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Nico Wegner
Schutte Bekker